

KINDERKERK LES: Die skrif teen die muur

Doel van les:

- Derde les in ons reeks oor Daniël en sy vriende. Nadat hulle hierdie reeks voltooi het, sal hulle leer dat om 'n heilige en skoon lewe te leef 'n sterk en Goddelike reputasie bou. Hierdie reeks is aangepas uit Kids Sunday School Place.

Ysbreker 1: Emoji raai: Plak die vier emoji boodskappe teen die muur. Kyk of die kinders kan raai watter drie Bybel verhale die emojis uitbeeld. Sê vir hulle dat die laaste emoji hulle 'n idee moet gee oor waarvoor vandag se les gaan. Hulle moet net uitkom by die Koning se partytjie.

Antwoorde: Noag en die ark, Jona en die vis, Jerigo se mure val, die Koning se partytjie.

Ysbreker 2: Dress up: Aangesien ons gesels oor 'n partytjie van 'n koning moet ons iets deftigs maak wat sal pas by die partytjie, en ook aantrek soos mense wat na 'n koning se partytjie gaan. (Gee vir kinders dress up klere om voor te berei vir die partytjie.)

Ysbreker 3: Partytjie glasie: Gee vir elke groepie twee plastiek glasies, foelie en lint. Hulle moet die glasie nou mooi oortrek met die foelie en versier met die lint sodat dit mooi genoeg sal wees vir 'n baie deftige partytjie. Elke groepie kan hul glasies kom wys vir die groep.

Julle het nou so mooi reggemaak vir 'n partytjie. Vandag wil ek julle vertel van 'n partytjie wat 'n koning gehou het en hoe hy 'n boodskap gekry het, wat nie so mooi was nie.

Storietyd - Die skrif teen die muur - Daniël 5 (Berei vooraf vir elke groep die geheime boodskap voor. Skryf met wit vetkryt op 'n wit blaai: Mené, mené, tekél, ufarsín. Gee vir elke groep die blaai, waterverf en 'n verfkwas om eenkant te hou.)

Koning Belsasar woon in 'n pragtige paleis. Op 'n dag besluit hy, hy wil 'n groot partytjie hou. "Ek wil 'n duisend belangrike mense nooi. Daar moet genoeg kos en wyn wees," sê hy.

Die koning en sy gaste hou lekker partytjie. Hulle eet en drink baie wyn. Toe maak koning Belsasar vir God kwaad. Hy sê: "Gaan haal die goue en silwerbekkers wat my oupa uit die tempel van God gevat het. Ons wil daaruit drink."

Koning Belsasar spot met God. Hy glo nie God kan hom sien nie. Hy prys sy afgode en sê: "Ons gode is van goud en silwer, koper, yster, hout en klip. Hulle is baie sterker as die God van Israel."

Maar God hoor hoe Belsasar Hom spot. En God laat nie met Hom spot nie. Toe Belsasar weer kyk, sien hy iets wat hom baie bang maak. Hy sien 'n hand wat iets teen die muur skryf.

Sê: Op die blaaië voor julle staan die boodskap geskryf. Glo julle my? Kom ons verf gou die blaai dat ons ook kan sien wat die hand geskryf het. Kom ons sê gou wat daar staan. Sê die woorde hardop en laat die kinders agter jou aan sê. *Mené, mené, tekél, ufarsín.* Wie dink hulle kan sê wat dit beteken? Kom ons hoor wat gebeur het.

Belsasar word spierwit en sy knieë begin bewe. Hy sê: "Gaan haal dadelik al die slim manne. Hulle moet vir my kom sê wat hier geskryf staan."

Die slim manne kom, maar hulle kan dit nie lees nie. Die woorde is in 'n vreemde taal. Maar toe sê die koningin: "Daar is iemand wat kan help. Sy naam is Daniël. Hy is 'n Israëliet, en hy is baie slim. Sy God help hom."

"Gaan haal hom dadelik," sê die koning.

Daniël kom staan voor die koning en sê: "Dit is God wat met u praat. Hy is die enigste ware God. Hy is sterker as al die gode en konings. Maar u het Hom gespot en gedink u afgode is sterker as God. En nou het God die hand gestuur. Op die muur staan geskryf: God gaan u nie meer lank laat koning wees nie. Vyande sal u kom doodmaak en alles van u wegvat."

Dieselfde nag het die vyande gekom en alles het gebeur net soos God gesê het.

Verhaal geneem uit: Ons eie kleuterbybel, bl 80-82, Juliana Nothnagel en Johann Strauss

Koning Belsasar het gedink hy en sy afgode is sterker as God en dat hy God nie nodig het nie. Wanneer ons so spog soos hy gemaak het, en dink ons is beter as ander, vertel ons eintlik vir God dat Hy nie belangrik is nie, en dat ons Hom nie nodig het nie. Ons kan dinge op ons eie doen. Dit is baie ver van waar af. Alle goeie dinge kom van God en deur onself kan ons niks doen nie.

Ons moet elke dag vir God dankie sê vir wat Hy vir ons doen, en weet dat ons sonder Hom verlore is.

Sluit af met gebed in groepe.

EMOJI'S



